

## **Sing vooraf: Psalm 119:62 (p. 598)**

- 62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar  
na die heil wat U beloop het, / na u kennis wonderklaar!  
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!  
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)**

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 9:12 (p. 38)*

Wet

Psalm 9:12 (p. 38)

- 12 O oordeel vol geheimenis, / wat meld dat God regverdig is!  
Hoe raak verstrik in eie nette / wie geen ontsag het vir Gods wette!

Gebed

- **Doksologie:**
  - **Aanbidding:**
  - **Skuldbelydenis:**
- Vergifnis:**
- **Dank:**
  - **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
  - **Algemene bede:**
  - **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Skrifberyming 18-6:1, 3, 4, 5 (nuut)

- 1 Ek sien 'n nuwe hemel kom, / 'n aarde nuut en vry.  
Die see en al wat skei, verdwyn. / God self kom by ons bly.
- 3 Die Heer droog al die trane af, / verby is droefheid, dood.  
Ja, pyn en smart wyk uit die hart – / ons moeite, angs en nood.
- 4 "Kyk, Ek maak alles nuut", sê God. / "Laat hom wat dors het, kom.  
En hy sal vind hy is my kind; / Ek is 'n God vir hom!"
- 5 Oorwinnaars sal ons alles erf / en drink uit die fontein  
van lewenswater, heerlik rein. / En God sal oor ons skyn.

Skriflesing: Genesis 30:1-6

Teks: Genesis 49:16-18

**Dan sal aan sý volk reg verskaf net soos enigeen van die stamme van Israel. Laat Dan 'n slang wees op die weg, wat die perd aan die hakskeene byt, sodat sy ruiter agteroorval. Op u verlossing wag ek HERE!**

(Genesis 49:16-18 AFR 53)

Die Here het in Jesus Christus met ons 'n genadeverbond opgerig.

- Die inhoud van hierdie verbond is dat Jesus Christus ons sondelas volledig op Hom geneem het.
- Hy het volledig in ons plek in die oordeel voor God verskyn en het die straf vir elke sonde van ons ten volle gedra.
- Ons kan en ons hoef niks by te dra vir ons saligheid nie, want Jesus het met sy liggaam en sy siel volledig vir al ons sondes betaal.

Maar dit stel ons nie sonder verantwoordelikheid in hierdie saak nie.

- Ons moet veral noudat ons met God versoen is, ons hele lewe in gehoorsaamheid en dankbaarheid aan Hom toewy.
- Geen mens kan die Here in sy genade leer ken, en ook nog aan 'n kerk behoort, maar die genade van die Here minag of vertrap en dink dat hy daarmee gaan wegkom nie.

Kom ons blaai saam deur die Bybel en kyk wat die Here aan ons openbaar in die geskiedenis van Dan, een van Jakob se seuns.

**1. Teen watter agtergrond het Dan in die wêreld gekom?**

**2. Wat word dan van Dan in die toekomstige wêreld?**

**1. Teen watter agtergrond het Dan in die wêreld gekom?**

Die geboorte van Dan word beskryf in Genesis 30:1-6. Die kind se hele begin was van die verkeerde kant af, want dit het nie in hierdie kind se koms gegaan oor ouers wat uit liefde en tot eer van God 'n kind gebore wil hê nie.

- Ragel was in haar hele lewe in 'n wedloop met haar suster betrokke om meer kinders as sy te mag hê. Dit het gegaan oor haar eie roem.
- Lea het op hierdie stadium al vier seuns gehad – terwyl Ragel nog nie een enkele kind gehad het nie!

**En toe Ragel sien dat sy vir Jakob geen kinders baar nie, (Genesis 30:1)**

- Sy het geglo dat die Here haar verontreg het omdat Lea meer kinders gehad het as sy.
- Dis hoe dit gebeur het dat 'n vrou in haar selfsugtigheid haar man aan haar bediende, Bilha, afsmeer.

So word Jakob se eerste buite-egtelike kind gebore.

Daar was eintlik 'n wêreld agter die saak. Ragel se verergdheid vir die Here het na vore gekom in 'n rusie met haar man.

- Dit blyk uit Jakob se moedeloosheid dat Ragel eintlik kwaad was vir die Here. Die ou vertaling skryf dit so:

**Is ek dan in die plek van God wat die vrug van die skoot aan jou onthou het? (Genesis 30:2b AFR1953)**

Die nuwe vertaling stel dit anders, maar dieselfde betekenis slaan sterk deur:

**Kan ek God se werk oorneem? Dit is Hy wat sorg dat jy nie swanger word nie. (Genesis 30:2b**

AFR1983)

Daarom noem sy die kind Dan. Dit beteken: “Hy (die Here) het reg verskaf.”

- Sy het gedink dat die Here haar kant gekies het met die geboorte van hierdie seuntjie van Bilha.
- Dit is duidelik dat daar by Ragel ’n groot stuk geloofsverdwaaldheid en selfs slinksheid was – daarom druk sy dit wat sy van die lewe gedink en verstaan het, uit in hierdie kind se naam.

Haar siening van die saak was natuurlik heeltemal verkeerd.

*Wat word toe later jare van hierdie kind?*

- *Blykbaar het hy nie eerlik gelewe nie, want op Jakob se sterfbed het hy baie minder vleiende dinge van hierdie seun van hom te sê gehad.*
- *Hy het gesê dat hierdie seun van hom ’n horingslang is wat die perd in die hakskeen byt.*
  - Die horingslang is ’n klein maar baie giftige en gevaarlike slang wat in die Midde-Ooste voorkom.
  - In die sandgrond kan hy nie maklik gesien word nie omdat dit ’n gelerige slang is met groot bruin vlekke. Agter die slang se oë het hy twee horinkies – dit is waarvandaan die slang sy naam kry.

Die beeld van die slang is simbolies van hoe Dan self was – iemand wat homself versteek het en wat aangeval het wanneer niemand dit verwag het nie.

- Iets van verraad en rugstekery sit ook in die beeld vasgevang – dink veral aan die rol wat die slang gespeel het tydens die sondeval.
- Die Here gebruik die slang om die duiwel mee uit te beeld.

Dan se nasate het dit ook nie baie maklik gehad nie.

- Volgens Josua 19:40-48 was die stam van Dan getalsgewys die tweede grootste.
- Tog het hulle ’n baie klein stukkie grond gekry toe die Israëliete in Kanaän ingetrek het.
- Asof hierdie klein stukkie grond wat hulle gekry het nie genoeg was nie, het die Amoriëte hulle uit ’n deel daarvan in die berge ingedruk.

**En die Amoriëte het die kinders van Dan die gebergte ingedruk, want hulle het hulle nie toegelaat om na die laagte af te kom nie** (Rigters 1: 34-35 AFR1953).

Omdat hulle grondgebied te klein geword het om vir hulle genoeg lewensruimte te bied, het hulle die vreedsame stadjie Lais of Lesem op ’n baie listige wyse aangeval en oorrumpel.

**En die kinders van Dan het vir hulle die gesnede beeld opgerig; en Jónatan, die seun van Gersom, die seun van Moses, hy en sy seuns was priesters vir die stam van die Daniëte tot op die dag van die ontvolking van die land.**

(Rigters 18:30 AFR1953).

- By hierdie geleentheid het die Daniëte hulle tot afgodediens gewend en selfs ’n priester oorreed om vir die stam as afgodspriester op te tree.

Hierdie gebeurtenis het Jakob se beeld van die slang se agterbaksheid baie mooi gedemonstreer.

- Nadat hulle die stadjie ingeneem het, het hulle hom herbou en ’n nuwe naam gegee, naamlik Dan.
- Later het die stad Dan onder die leiding van koning Jerobeam die middelpunt van die kalwerdiens geword (vergelyk 1 Konings 12:28-30; 2 Konings 10:29)

**. . . hulle wat sweer by die skuld van Samaria, en ook sê: So waar as jou God leef, o Dan! . . . En hulle sal val en nie weer opstaan nie.** (Amos 8:14 Afr1953).

- Toe die Assiriërs Israel ingeval het, was dit die eerste stad wat verower en in ballingskap weggevoer is (vergelyk Jeremia 4:15; 8:16).

Later jare was een van die rigters, Simson, 'n afstammeling van Dan. Hy het telkens die Israeliete verlos van die Filistyne.

- In hom word die seën van Jakob vervul.

**Dan sal aan sý volk reg verskaf net soos enigeen van die stamme van Israel. Laat Dan 'n slang wees op die weg, wat die perd aan die hagskene byt, sodat sy ruiter agteroorval. Op u verlossing wag ek HERE!** (Genesis 49:16-18 AFR 53)

- In die optrede van Simson is die listigheid van Dan weer 'n keer duidelik op die oppervlak – hy leef oneerlik en word uiteindelik deur sy eie sondes teen die Here vernietig.

## 2. Wat word dan van Dan in die toekomstige wêreld?

Wat het van die Daniëte geword? Soos ons reeds gesien het, het die stam van Dan hulle vroeg al aan beelddiens en afgodery skuldig gemaak.

- Tog het die Here sy genade oor hulle bly bevestig.
- Daarom lees ons in Esegël 48 dat die stam van Dan ook onder die sal wees wat uit die Ballingskap uit teruggekeer het.

Daarmee openbaar die Here dat sy genade *tydens ons aardse lewe* bly geld oor die wat in sy verbond ingelyf is.

- Die Daniëte sou nooit die Here kon verwyf dat hulle verlore gaan omdat Hy nie genoeg genade aan hulle bewys het nie.
- Net so kan die mense wat die Here nie wil ken en aanbid nie en wat van die Here af vervreemd raak, ook nie die blaam voor die Here se deur lê nie.
- Die Here laat sy genade vandag nog oor alle mense geld. Dit reën oor alle mense – gelowiges en ongelowiges. Net so word die evangelie ook aan almal verkondig om dit te hoor.

Maar die punt waaroor dit gaan, is: *Wat maak ons met hierdie genade?*

- Jakob het hierdie kind Dan geken en hy het profeties geweet dat hierdie kind se nasate sy eienskappe sou dra.
- Hulle eiesinnigheid sou maak dat hulle hoe langer hoe meer van die Here af wegraak.

Jakob het ook geweet dat die Here nie mense in sy verbond duld wat net saam met die gelowiges beweeg om vir hulleself voordeel uit die seëninge van die Here te trek nie.

- Daarom het hy geweet dat die Here Dan en sy nasate onder die verlostes uit gaan verwyder.
- Op die Nuwe Aarde sal Dan en sy nasate nie onder die verlostes wees nie.

Vroeër jare het Lot dieselfde ding probeer, naamlik om saam met Abraham, die uitverkorene van die Here, weg te trek.

- Daarmee het hy in al die seëninge kon deel wat die Here vir Abraham gegee het.
- Daarom het die Here hom uit Abraham se geselskap verwyder.

Jakob het op sy sterfbed gesien dat die Here dieselfde sou doen met Dan.

- Daarom het hy uitgeroep dat die Here tog hierdie kind van hom genadig moet wees.
- Hy het besef dat net die Here se genade die almag besit om hierdie seun te verlos.

Menslik gesien kon Dan nie verlos word nie omdat hy nie die lus en die wil gehad het om aan die Here getrou te bly nie.

As ons teen hierdie agtergrond gaan kyk na die stamme wat deur die Here verlos word, en wie se name opgeteken staan vir die hiernamaalse lewe (Openbaring 7), verstaan ons waarom die stam van Dan glad nie daar voorkom nie.

- Ons moet egter nie net raaksien dat Dan se naam nie daar is nie – ons moet dink oor watter betekenis dit vir ons het.
- Daarmee openbaar die Here dat Hy mense verwerp wat in hierdie lewe nie met volle verantwoordelikheid op sy genade reageer nie.

Broeders en susters, kyk na die betekenis van hierdie geskiedenis vir ons.

- Die Here openbaar daarmee in die eerste plek dat daar *inderdaad mense soos Dan* is wat binne die verbond gebore word en grootword.
- In ons idioom gestel: Daar is kerkmense wat uit gelowige ouers gebore word en wat gedoop is en belydenis van hulle geloof aflê voor die gemeente van die Here. *Maar hulle geloof beteken nie veel nie, en hulle gaan uiteindelik verlore.*

U moet nie dink dat almal wat aan 'n kerk behoort, gered word nie. Net die wat die genade van die Here vir hulleself toe-eien en wat die Here Jesus met 'n ware geloof aanneem as hulle God en Verlosser, word gered wanneer die Here op die wolke verskyn.

Kyk watter eienskappe het Dan geopenbaar waarvoor ons onself moet toets, want die Here openbaar dat Dan nie die hiernamaals bereik nie:

- Al dié wat in die styl van Dan agterbaks teenoor God en hulle medemens lewe.
- Al dié wat in hulle lewens plek maak vir enige ander god as die Here alleen.
- Diegene wat hulle godsdiens buig om die Here anders te wil dien as wat die Here dit in die Bybel openbaar.

U wat u geloof voor die Here bely, moet beseft dat u bely dat u die God van die hemel en aarde ken, en dat u die Here voluit met u hele lewe moet dien.

- Weet ook dat die Here op verskeie plekke in die Bybel openbaar dat dié wat Hom eenkeer geken het, en wat dan afvallig word, met net een oordeel gestraf word, en dit is met die ewige dood.
- Die feit is doodgewoon dat as die Daniëte nie in die hemel is nie, hulle net op een ander plek kan wees en dit is in die hel.

Waar staan ons almal? Ons is ingelyf in die genadeverbond wat God met ons in die Here Jesus Christus se bloed gesluit het.

- *Een van die resultate van hierdie verbond is dat ons toegerus is met die inwoning en leiding van die Heilige Gees.*
- Effektief beteken dit dat ons toegerus is met werksywer en met die insig om die Here eerlik en ywerig te kan dien.
- Jakob het uitgeroep dat hy wag dat die Here sy kind red. Ons hoef dit nie van die Here af te smee nie, want sy redding oor ons is reeds 'n voldonge feit.

Dit beteken nie dat ons nie sal bid dat ons ook soos Jakob wag op die redding van die Here nie.

- Ons verwag natuurlik ook die redding van die Here, maar ons het soveel meer as wat Jakob gehad het.
- Ons verwag die Here se verskyning op die wolke, en saam met Hom sy ewige koninkryk.

Daar is net een manier hoe ons die tyd en sy aanslae sal kan oorleef en nog steeds toegewyd sal kan wees wanneer die Here kom.

- Dit is deur ons swakheid te bely en aan te hou bid: Ek wag dat U red, Here!
- Ek wag op U verskyning, sodat ek in volmaakte saligheid ewig by U kan lewe.

Kom ons lewe in hierdie geloof totdat die Here met sy finale verlossing op die wolke verskyn. Onthou net dat u dán eers werklik begin lewe, want daarvandaan lewe u met God verder tot in ewigheid.

**Amen.**

Slotgebed

Kollekte

Skrifberyming 5-3:2-5 (8:2-5)

- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.
- 3 Toe sien ek hoog bo my die skaar van eng'le staan / en 'k hoor hul sanggeluid wat deur die hemel gaan.  
Hul staan wyd om die troon, self heerskappye en magte, / rondom die oudstes en die gérubs groot van kragte;  
ontelbaar is hul tal, dis duisende maal duisend, / en 'k hoor hul koorgesang soos baie waters bruisend:
- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag,  
en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge  
op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / “Aan Hom wat heerlijk is, hoog op die wêreldtroon,  
en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!”  
Met “Amen, Amen!” het die gérubs opgesewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 2 Augustus 2009